



Die Midi-Mel reeks is geformuleer vir gebruik tesame met byna enige ruvoerbron vir bo-gemiddelde tot hoë melkproduksie uitsette.

- Midi-Mel produkte is smaaklik.
- Midi-Mel produkte het 'n goeie aminosuur profiel wat voordelig is vir melkproduksie en melkvastestowwe.
- Midi-Mel produkte bevat ten minste 30% mielies.
- Midi-Mel produkte bevat ionofore en ander medikamente om rumengesondheid en voeromset verhouding te verbeter.
- Midi-Mel produkte bevat matige vlakke van ureum om aan die stikstof behoeftes van rumenmikrobes te voldoen.
- Midi-Mel produkte bevat matige tot hoë deurvloeioproteïen fraksies waarvan die verteerbaarheid redelik hoog is.

SAMESTELLING	Midi-Mel Energy Balancer	Midi-Mel 17	Midi-Mel 19	Midi-Mel 21
Klas:	Gekonstreerde Suiwel Voer			
Registrasie Nommer:	V23283	V7833	V7270	V488
AFGRI Produk Kode	R1009	R1020P	R1021P	R1022P
Nutriënt	g/kg	g/kg	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	150	170	190	210
Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	19.13 %	16.88 %	15.11 %	13.67 %
Ureum (maks.)	10	10	10	10
Vog (maks.)	120	120	120	120
Ru-vet (min.)	25	25	25	25
Ru-vet (maks.)	100	85	85	85
Ruvesel (maks.)	120	120	120	120
Kalsium (min.)	8	8	8	8
Kalsium (maks.)	13	13	13	13
Fosfor (min.)	4	4	4	4

VOER AANBEVELINGS:

Die hoeveelheid produk wat per dier gevoer word sal afhang van:

1. Die gehalte en beskikbaarheid van weiding en/of ruvoer.
2. Die stadium van laktasie.
3. Melk- en vastestof produksie.

Vorm: Meel of Pille

Verpakking: Losmaat of 40 kg Sakke

VOERINSTRUKSIES

- Aanpassing van diere is noodsaaklik wanneer daar van 'n NPN-vrye suiwelmeel na 'n NPN-bevattende suiwelmeel (bv. ureum) oorgeskakel word. Dit is raadsaam om 'n 50/50 mengsel van die twee tipes meel te meng en oor 'n tydperk van 4-6 dae te voer om aanpassing te vergemaklik.
- Dit word aanbeveel dat suiwelmeel in minstens 2-4 voedings per dag gevoer word of as 'n TGR (totaal gemengde ransoen).
- Hierdie veevoer moet nie onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoer gevoer word nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieise Adviseur.
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. Ureum is water-oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens instruksies.